

Box

01

FILE

02

Pg 1 of 1

Investigator Adjunct Officer

11-Jan-1963 - Rivonia Trial Evidence: Carel Joseph Dirker's
Affidavit of the Day of the Day of the
Arrest of ① Walter Sisulu ② Ahmed Kathrada
③ Bob Hepple ④ Rusty Bernstein ⑤ Dennis
Goldberg ⑥ Govan Mbeki ⑦ Joseph
Mashifana ⑧ Raymond Mhlaba
⑨ Frank Mqophloane ⑩ Twadi Mabeng
⑪ Rasmus Makala ⑫ Phillip Nkosi
⑬ Thomas Mashifana ⑭ Solomon
Sepeng

C, J, Dirker

CAREL JOSEPH DIRKER,

Verklaar,

Ek is n Speurder Adjudant Offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en aan die Veiligheidspolisie, „The Grays“, Johannesburg verbonde.

Op 11. 7. 1963 om ongeveer 3 nm. en te Rivonia Polisiestasie het ek en 10 ander lede van die Mag agter in n Droogskoonmakerswa geklim. Voor in die wa het Sersant Kleingeld en S/Konst. van den Berg ingeklim. Laasgenoemde het die wa bestuur en beide van hulle was in wit jasse geklee.

Die betrokke Droogskoonmakerswa het vertrek en na n paar minute tot stilstand gekom. Ek het gehoor dat Sers. Kleingeld met n Bantoe in Engels praat.

Na Sers. Kleingeld weer terug na die wa gekom het, het ek gehoor dat hy vra wat hulle nou moet doen. Lt. van Wyk wat saam agterin die wa was het gesê ons moet maar toeslaan. Ons het toe almal uit die wa gespring en die woonhuis en buitegeboue omsingel.

Ek het aan die westekant van die woonhuis omgehardloop en n Blanke man met n baard in die sitkamer van die huis deur die venster sien sit. Ek het later vasgestel dat hierdie Blanke se naam Dennis Goldberg is.

Ek het toe die woonhuis aan die Oostekant by die kombuis deur binne gegaan en Bantoemans Solomon SEFENG en Thomas MASHIFANA in die kombuis aangetref. Ek het hulle gearresteer en aan S/Sers. van Wyk oorhandig vir aanhouding. Daarna het ek terug gegaan na die Droogskoonmakerswa wat tussen die woonhuis en buite geboue geparkeer was. By die wa het ek die volgende bekende persone aangetref wat deur lede van die Mag aangehou is :- WALTER SISULU, AHMED KATHRADA, BOB HEPPLER en RUSTY BERNSTEIN. Ook was n paar onbekende Bantoemans daar aangehou.

Walter SISULU en Ahmed KATHRADA wie al jare aan my bekend is, was so vermom dat ek hulle met moeite herken het. Ek het Walter SISULU se persoon deursoek en dokumente soos per a. g. hegte lys A gevind.

Ook het ek RUSTY BERNSTEIN se persoon deursoek en dokumente per lys B gevind.

In die teenwoordigheid van Ahmed KATHRADA het ek en

S/Sers./2.

S/Sers. Kennedy buitekamer Nr. 1 deursoek en dokumente soos per lys (C) gevind. Kathrada het geweier om enige verduideliking te gee i.v.m. die dokumente.

Ek het Bob HEPPLÉ, Walter SISULU en Raymond MHLABA elkeen afsonderlik na buitekamers Nrs. 1, 2, 3, 4, en 5 geneem en hulle ondervra omtrent die inhoud van die kamers en aldrie het ontken dat hulle enige kennis dra van die inhoud van die kamers of die bewoners daarvan, behalwe Bob HEPPLÉ het i.v.m. kamer Nr. 1 gesê :-

".....I was in the room when the Police arrived. I know nothing about its contents.....". Ek het Bob HEPPLÉ na motorkar TJ.173-728 wat aan die Oostekant van die woonhuis geparkeer was geneem. Hy het die kar as sy eiendom geëien. Ek het die kar deursoek en ook die enjin ondersoek en gevind dat dit koud was. Die kar se sleutels was in besit van Hepple. Ook het ek Rusty BERNSTEIN na motorkar TJ.145-279 geneem. Hy het die kar as sy eiendom geëien en het hy die kar se sleutels in sy besit gehad. Ek het die kar ondersoek en gevind dat die enjin koud is.

Bernstein se kar was naby die een van Hepple geparkeer gewees.

In die kombuis van die woonhuis het ek drie sleutels gevind wat aan 'n heak gehang het, wat die hangslotte aan deure van buitekamers Nrs. 3 en 4 oopgesluit het asook 'n sleutel wat die gewone deurslot van die buitekamer Nr. 1 oopsluit. Ek het buitekamer Nr. 9 ook deursoek soos per aangehegte lys (D) gevind.

Buitekamer Nr. 7 is ook deur my deursoek en dokumente soos per lys (E) is gevind.

Naby die deur van buitekamers Nr. 1 was 'n Volkswagen Kombi, TJ.142-838 geparkeer gewees. Die sleutel van hierdie voertuig het ek op 'n tafeltjie in die eetkamer van die woonhuis gevind. Hierdie voertuig is later deur die Polisie in beslag geneem. 'n Landdros lasgewing is daarvoor verkry.

Aan die Noordekant van buitekamers Nrs. 6, 7, 8 en 9 het ek 'n Taunus Stasiowa ND. 71092 geparkeer gevind. In die paneelkassie van die voertuig het ek dokumente soos per aangehegte lys, gemerk (F) gevind. Die sleutel van hierdie voertuig kon nie gevind word nie. Die voertuig is later deur die Polisie in beslag geneem en 'n Landdros lasgewing is daarvoor verkry. In kamers Nr. 3 het ek dele van 'n Radio gevind en in kamer Nr. 4 'n afrol masjien. Hierdie

apparate...../3.

apparate is dadelik deur die Polisie verwyder. Aan die Oostekant van buitekamer Nr. 9 het ek n lang Populier paal, 27 voet 5 duim gevind wat aan n steenpilaar van ongeveer 6 voet vasgemaak is. Die paal het aan die bokant n oog van draad gehad.

Aan die Noordekant van kamers Nrs. 6, 7, 8 en 9 het ek ook drie ander Populier pale wat op die grond gelê het, gevind. Die lengtes van die pale was 26 voet; 25 voet 10 duim en 26 voet. Hierdie pale het elkeen n mik op die dun punte gehad.

Ook aan die Westekant van buitekamer Nr. 1 het ek twee Populier pale op die grond gevind met lengtes van 44 en 39 voet onderskeidelik. Daar was later beslag op hierdie pale gelê.

Die volgende persone wat deur die Polisie die middag daar gearresteer is, is met polisievoertuie vervoer vir aanhouding :-

- 1) Walter SISULU (2) Ahmed KATHRADA (3) Bob HEPPLIE
- 4) Rusty BERNSTEIN (5) Dennis GOLDBERG (6) Govan MBEKI (7) Joseph MASHIFANA (8) Raymond MHLABA
- 9) Frank MOGOHLOANE (10) Twadi MABENA (11) Rasmus MAKALA (12) Phillip NKOSI (13) Thomas MASHIFANA
- (14) Solomon SEPENG.

Ongeveer 5.30 nm. op 11. 8. 1963 het Arthur GOLDBREICH wat motorkar TJ. 50428 (Citroen) bestuur het by die woning aangekom. Ek het hom gearresteer en sy persoon sowel as sy kar deursoek en dokumente soos per aangehegte lys 'G' gevind.

GOLDBREICH het aan my gesê dat hy die huurder van die huis en buitegeboue is en ongeveer 18 maande daar woon. Ek het hom vergesel na buitekamers Nrs. 1 tot 13 en het elkeen saam met hom binnegegaan.

In verband met kamers Nrs. 1, 2, 6, 7, 8, 10 en 12 het hy my as volg meegedeel :- ".....I do not know about its contents or occupants.....". Hy het hom as volg oor die ander kamers uitgelaat :- Nr. 3 :- ".....I do not know about its contents or occupants, only the old sofa is mine.. Nr. 4 :- ".....The duplicating machine the paintings and plans are mine. I know nothing about the other articles and documents. The padlock key is kept in the kitchen of the main house....." Nr. 5 :- ".....This is my Storeroom with part of the articles....." Nr. 9 :- ".....It is my servants room. His name is Solomon....." Nr. 11 :- ".....It is my Laundry....." Nr. 13 :- ".....This is my Servants room, her name is Enid....." Ek het hierna GOLDBREICH na die woonhuis vergesel en het met behulp van ander lede van die... 4

van die Polisie die woonhuis deursoek. Ons het in die sitkamer met die deursoeking begin en dokumente en ander artikels soos per lys 'H' gevind.

Tydens die deursoeking van die Sitkamer het Hazel GOLDREICH, eggenote van Arthur Goldreich daar aangekom. Sy was ook deur die Polisie aangehou.

Ook die volgende vertrekke in die woonhuis was deursoek. Dokumente en artikels was soos volg in beslag geneem :-

Eetkamer	-	Lys gemerk	(1)
Ingangsportaal	-	Lys gemerk	(2)
Studio 7 study	-	Lys gemerk	(3)
Hoofslaapkamer	-	Lys gemerk	(4)

In die Studeerkamer het ek n deurtjie ongeveer 18 duim by 2 voet in die Suid Westelike hoek van die muur teenaan die plafon opgemerk. Ek het Goldreich omtrent die deurtjie uitgevra. Hy het aan my gesê dat hy die eerste keer die deurtjie sien toe ek dit aan hom uitgewys het.

Op n bevel van my is die deurtjie oopgeforseer aangesien dit gesluit was en die sleutel nie gevind kon word nie. Aan die agterkant van die deurtjie is n brandkas gevind wat vas gemessel is en gesluit was. Goldreich het weer verduidelik dat hy geen kennis dra van die brandkas nie.

Terwyl ek besig was met die deursoeking in die hoofslaapkamer. Ongeveer 8 nm. het lede van die Polisie met HILLIARD FESTENSTEIN die kamer binnegekom. Hy het probeer om met Goldreich te praat, maar laasgenoemde het gesê ek ken hom (FESTENSTEIN) nie. Ek het wel opgemerk dat Goldreich sy oog knip toe Festenstein na hom kyk. Festenstein was ook deur die Polisie aangehou.

Ongeveer 9 vm. op 12. 7. 1963 het ek vergesel van ander lede van die Mag in die teenwoordigheid van Arthur Goldreich sy kantoor op die 7de verdieping van "GREATERMANS STORE", hoek van End en Commissionerstrate, Johannesburg, deursoek en dokumente soos per lys 'M' gemerk in beslag geneem.

Ek het hierna Goldreich na sy woning vergesel waar die betrokke brandkas in die Studio deur n Inspekteur van Ontploffings stowwe met dinamiet oopgeblaas is. In die teenwoordigheid van Goldreich is R240.00 in banknote wat in n papiersak van "JOHN ORRS" was, uit die brandkas gehaal - Lys gemerk 'N', van note gevind. Goldreich het ontken dat hy enige kennis dra van die geld. Ek het my ondersoek voortgesit te 'LILLY LEAF' Plaas en dokumente per lys gemerk 'O'...../5.

gemerk 'O' in die steenkoolhok wat voor die agterdeur van die woning is, gevind.

Dokumente soos per lys 'P' gemerk het ek in die Stoorkamer aan die Oostekant van die woning gevind. Dokumente soos per lys 'Q' gemerk, het ek in die buitekamer Nr. 3 gevind. Dokumente soos per lys 'R' gemerk het ek in buitekamer Nr. 4 gevind.

Die motorkar TJ. 50428 Citroen, eiendom van ARTHUR GOLDREICH was deur my in beslag geneem. Op 13. 7. 1963 het ek n boek getiteld 'GUERRILLAS IN THE 1960's' in die ingeboude kas in die gang van die woning onder n kamerpot gevind.

Op 30. 7. 1963 het ek sekere Radio stukke wat ek te 'LILLY LEAF' plaas in beslag geneem het aan Mnr. Shelton van die S.A.U.K. vir ondersoek oorhandig. Op dieselfde datum het ek ook ses houers bevattende vloeistof en poelers aan mnr. Y.A. van Heerden van die Skeikundige Laboratoria, van die Departement van Gesondheid oorhandig. Hierdie artikels was ook deur my te 'LILLY LEAF' plaas in beslag geneem.

(Get.) C.J. DIRKER. Nr. 19588 S/A/O.

12. 8. 1963.

Carel Joseph Dirker.

00132 *106*
113

Verklaar :-

Ek is 'n speurder Adjutant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en aan die Veiligheidspolisie, "THE GRAYS", Johannesburg verbonde.

Ongeveer 10 v.m. op 7.8.1963 het ek, vergesél van Speurder Sersante Erasmus, Steyn en du Preez asook Mnr. en Mevr. Finlay na kleinhoewe Nr. 9, Trevallyn in die distrik van Krugersdorp gegaan. Mnr. Finlay het 'n rapport aan my gemaak in verband met hierdie kleinhoewe. *hoewe?*

Op ons aankoms by die huis van die hoewe het ek gevind dat alle buite-deure gesluit was en die vensters toe.

Ek het gevind dat 'n vensterruit stukkend was, van 'n venster aan die Westekant van die huis.

Mnr. Finlay het die venster deur die stukkende ruit oopgemaak en na binne geklim en het toe die agter-deur (kombuis) van binne af oopgemaak.

Die kombuis was deurmekaar, borde het stukkend op die vloer gelê, die yskas was leeg en het oopgestaan. Op die opwasbak het vuil eetgereedskap gestaan.

Dit het voorgekom of die bewoners van die huis die plek baie haastig verlaat het.

Ek het die huis deursoek en dokumente en artikels in beslag geneem. Die slaapkamers het ek as Nr's 1, 2 en 3 gemerk.

In slaapkamer Nr. 1 het 'n skryftafel, drie beddens (op die een was komberse, lakens, kussings en 'n pak pajamas), 1 hangkas, 2 stoele, gas verwarmers en twee vloermatte. In die laai van die skryftafel het ek dokumente soos per lys gemerk "A" gevind.

Kamer Nr. 2 het 'n opgemaakte bed met 'n slaapbroek, 1 stoel, 1 hangkas en 1 vloermat, bevat. In hierdie kamer het ek die dokumente en artikels soos per lys "B" gemerk, gevind.

Get. C.J. DIRKER. S/A/OFFISIER.

In kamer Nr. 3 was n opgemakte bed, gas warmer, 1 tafel met glasblad en 1 vloermat. In hierdie kamer het ek dokumente soos per lys "C" gemerk, gevind.

In die kombuis was twee tafels, drie stoele, potte en panne, een karton-dooos met nuwe beddegoed en in die spens kruideniersware met eetgereedskap.

Ek het artikels soos per lys "D" in die kombuis en spens in beslag geneem. Die huis bevat ook n badkamer, waarin seep, skeergereedskap, haarolie en tandeborsels gevind was.

Die huis was ondersoek vir vingerafdrukke deur lede van die S.A.K.B., JOHANNESBURG. *Time spent?*

Die aangehegte fotos was van die binnekant en buitekant van die huis geneem. Al die eiendom in die huis was deur die polisie in beslag geneem. In n petrol drom in die agterplaas is halfverbrande dokumente en geskeurde dokumente soos per aangehegte lys "E" gevind.

was heel

JOHANNESBURG.

30.8.1963

Get. C.J. DIRKER.
NR. 19588 S/A/OFFISIER.

CAREL JOSEPH DIRKER, verklaar: 00134 ~~108~~ 115

Ek is n Speurder Adjudant Offisier in die Suid-Afri-
kaanse Polisie en aan die Veiligheidspolisie „The Grays“,
Johannesburg, verbonde.

Omstreeks 2.45 nm. op 5.9.1963 het ek vergesel van
Luit. Swanepoel, Luit. Diedericks en Serst. van Niekerk
na Terraceweg 10, Mountain View, Johannesburg, gegaan.

Op ons aankoms daar het ons Mev. Maureen Kreel, haar
twee klein kinders, n bantoevrou bediende Eva Hlongwane
en n bantoeman, tuinjong, ongeveer 17 jaar oud, daar aan-
getref.

Die volgende geboue is op die perseel: n lang motor-
huis wat twee karre wat agtermekaar geparkeer word kan
bevat, die hoofwoonhuis, n kleinhuis bestaande uit n kom-
buis, sitslaapkamer, badkamer met latrine daarin, bediende
kamers en twee werkshutte.

Ek het Mevr. Kreel ondervra en sy het as volg verdui-
delik. Hulle het die huis die begin van April 1963 gekoop
en intrek geneem. n Sekere Mnr. Martin Bronkhorst, n han-
delsreisiger het die klein huisie van hulle gehuur nadat
hulle n advertensie daaromtrent in die koerant (Star) ge-
plaas het. Bronkhorst het die huisie van hulle gehuur
kort nadat hulle ingetrek het.

Sy het Mnr. Bronkhorst omtrent twee of drie keer ge-
sien. Nadat Mnr. Bronkhorst die huisie gehuur het, het
n ander blankeman, n sekere Mnr. Williams en n onbekende
Portugeseman in die huisie kom woon. Williams het die
meeste goed wat in die huisie is daarheen gebring.

Williams het met n ligte aflewerings waentjie gereis.
Die voertuig het hy in die Kreels' se motorhuis in die
agterste gedeelte geparkeer. Die voertuig het vanaf die
begin van Julie 1963 in die motorhuis gestaan tot ongeveer
n week gelede toe dit weggeraak het. 26 20

Gedurende die tydperk het niemand die voertuig gebruik
nie. Bronkhorst het die eerste maand se huur - R40.00 -
vir die huisie betaal daarna het Williams vir die volgende

drie...../2

drie maande betaal en vir Augustus 1963 het n onbekende blankeman die huur kom betaal. Bronkhorst was net gedurende April by die huisie opgemerk. Williams en die Portugeseman het gedurende die begin van Julie spoorloos verdwyn Sy (Mevr. Kreel) het die huisie skoongemaak op versoek van Williams.

Mevr. Kreel het op my versoek die huisie se een deur wat met n „Yale slot” gesluit was, oopgesluit. Sy was in besit van die sleutel en het gesê dat Williams in besit van die ander sleutel was. Die deur het na die kombuis gelei. Die sitslaapkamer het ook n buitedeur wat met n „Yale” slot en „Mortice” slot gesluit word. Mev. Kreel het gesê dat die deur nooit oopgemaak was nie, aangesien die sleutels daarvan nie beskikbaar was nie.

In die kombuis van die huisie was n elektriese stoof wat Mevr. Kreel as haar eiendom uitgeken het ook was daar n opwasbak met waterkrane, n yskas, koppies, pierings, borde, kastrolle, blikkies kos, koffie, bottels olie, sous en konfyt, een steel, kleintafel, ingeboude kas waarin twee brandewyn bottels, een nog met brandewyn daarin, mans klere, 3 paar skoene en swart materiaal. Aan die een bruin paar skoene is n nuwe hoë polvy aangebring. Aan die lapel van die jas het ek n „Mandela” knopie opgemerk wat toe in beslag geneem is.

In die sit-slaapkamer was n groot tafel met ses stoele twee beddens met matrasse, 1 kussing sonder sloop, 1 lang mou mans trui, een pajama baadjie, een speelkas, 1 radio, daar was drie elektriese ligte in hierdie vertrek wat met karton papier toegemaak was.

Op die speeltafel was n aantal lees-boeke. In een van die boeke het ek drie kaarte gevind wat dele van die Vrystaat en Basoetoland aandui. Dit wil voorkom of die kaarte ontsnapings roetes na Basoetoland aandui.

Onder een van die beddens het Luit. Swanepoel n gedeelte van n „Star” koerant van 31.5.1963 gevind waarop voorwerpe en figure met ink geteken is.

In die...../3

In die badkamer was skeer lemmetjies, handdoeke, kam skoen-politoer en borsels opgemerk. Ek het weer gesels met Mev. Kreel en sy het verder verduidelik dat sy ongeveer die begin van Augustus in die huisie was, toe was alles nog netjies en skoon en die beddens was behoorlik opgemaak soos sy dit voorheen nagesien en gelaat het en ook was daar geen drank bottels in die huisie nie. Ongeveer viertien dae gelede omtrent die 22ste Augustus het sy weer die huisie besoek en dit in 'n haglike toestand gevind, met vuil koppies, borde, panne, leë blikkies, een van die brandewyn bottels op die tafel, swart materiaal op die vloer, tafel en beddens.

Ook was die kussings, komberse en lakens van die beddens verwyder en weg. Sy kon nie sê wie in die huisie was nie en hoe die persone daarin gekom het nie.

Die huisie en die artikels daarin was deur 'n lid van die plaaslike Suid-Afrikaanse Kriminele Buro, ondersoek vir vingerafdrukke.

Voor al die vensters van die huisie was swaar gordyne.

Ongeveer 5.45 nm. op 5.9.1963 het Mnr. Leon Kreel teruggekeer vanaf sy werk en ek het hom toe ondervra. Hy sê ook dat hy Bronkhorst ongeveer een of tweemaal maar gesien het. Williams het hy heel dikwels by die huisie gesien en die onbekende Portugeseman het saam met Williams daar ongeveer 'n week gebly. Hy het Williams en die Portugeseman nie weer gesien nadat hulle ongeveer die begin van Julie 1963 spoorloos verdwyn het nie. Sy vrou het die besigheid vir die verhuur van die huisie gehanteer. Hy het hom nie baie daarmee bemoei nie. Ongeveer drie weke gelede het hy 'n nuwe "Yale" slot aan die kombuisdeur van die huisie aangebring, en ongeveer 'n week daarna het sy vrou gevind dat daar persone in die huisie gewees het. Hy het gesien dat alles deurmekaar was. Die Austin afleweringswa was die begin van Julie deur Williams daar agter gelaat. Dit was in die agterste gedeelte van sy motorhuis die verste end van die deur geparkeer. Sy eie kar het

net agter die afleweringswa naaste aan die deur gestaan.
Die afleweringswa het ongeveer n week gelede uit die motor
huis weggeraak. |

Kreel was baie vaag en ontwykend in verband met die
wegraak van die afleweringswa.

Mev. en Mnr. Kreel het ook aan my gesê dat hulle
Arthur Goldreich ongeveer sewe jaar gelede ontmoet het, en
dat hulle ook een keer by hom op Rivonia besoek afgelê het

Mev. Kreel het aan my vyf kwitansies oorhandig wat
sy sou voltooi het nadat sy die huur vir die huisie ontvang
het.

Ook het Mev. Kreel aan my gesê dat Williams somtyds
by hulle besoek afgelê het.

Die "Star" koerant van 31 Mei 1963, Mandela knopie,
vyf kwitansies en n lys van klerasie deur my in beslag
geneem word hierby aangeheg. |

JOHANNESBURG.
9.9.1963.

(Get.)

G.J. Dirker
G.J. DIRKER.
19588 S/A/Offisier.

CAREL JOSEPH DIRKER, verklaar:

00138 ¹¹⁹

Verder tot my verklaring van 12.8.1963, wens ek die volgende by te voeg:

Ongeveer 10.30 vm. op 12.7.1963 terwyl ek besig was met die deursoeking van die perseel te „Lilly Leaf Farm“, Rivonia, het ek James Kantor, bekend aan my as n Prokureur, van Johannesburg, daar sien arriveer in sy motorkar.

Ek het opgemerk dat hy met lode van die Polisie begin gesels, waarop ek toe na hom gegaan het en aan hom gevra wat hy wou hê. Hy het aan my gesê dat hy gekom het om die honde en hoenders kos en water te gee.

Ek het hom gesê dat hy dit kan doen maar dan dadelik die perseel moet verlaat, aangesien ek besig was met ondersoek en nie burgerlike persone op die perseel wil hê nie.

Kantor het na buitekamer Nr. 9 gegaan waar n sak mielies in was. Dit het vir my snaaks voorgekom dat hy geweet het waar die mielies is, sonder dat iemand in ons teenwoordigheid vir hom die kamer uitgewys het en dit het die indruk by my verwek dat hy die plek goed ken.

Ook het ek gesien dat hy sonder enige moeite die waterkraan in die agterplaas gevind het.

Kantor het baie nuuskierig voorgekomen wou hy ook die woonhuis binnegaan.

Ek moes hom drie keer vra om die perseel te verlaat.

Op 26.7.1963 het ek n brief waarop die nommers van die note aangebring is wat in die brandkas te Rivonia gevind was, aan die Hoofkassier, Suid-Afrikaanse Reserwe Bank, Posbus 427, Pretoria, gestuur.

Afskrif van brief gemerk "3" aangeheg.

Op 13.8.1963 het ek n brief gedateer 8.8.1963 van die S.A. Reserwe Bank, Pretoria ontvang. Afskrif van brief gemerk "2" word aangeheg.

Op 16.8.1963 het ek die aangehegte brief gemerk "1" van die Offisier in Bevel, Skeikundige Laboratorium, Johannesburg ontvang en dit toe op 2.9.1963 aan Hnr. P.H. Cruywagen, Senior Inspekteur van Plofstowwe, Johannesburg

oerhandig...../2

oorhandig.

Op 11.7.1963 ongeveer 3 nm. het ek Govan Mbeki te „Lilly Leaf Farm“, Rivonia gearresteer en aangehou.

Op 12.7.1963 het ek n telefoondraad verdeling kassie in buitekamer Nr. 2 te „Lilly Leaf Farm“, Rivonia, gevind.

Nelson Mandela is sedert 1952 aan my bekend as n toonaangewende lid van die „African National Congress“ Hy was die President van „African National Congress (Transvaal)“

Ek het vergaderings van hierdie organisasie, voor dit in die ban gedoen is, bygewoon, waar Nelson Mandela as spreker opgetree het.

Gedurende die helfte van April 1961 het Mandela spoorloos verdwyn en het ek orals vir hom in Johannesburg uitgekyk en kon ek hom nie opspoor nie. Ek het ook sy kantoor in Macosa Huis, Johannesburg dikwels besoek, maar hy was nie daar nie.

Op 14.8.1962 het ek hom weer vir die eerste maal ^{aan my bekend} in die Johannesburg-hof gesien nadat hy gearresteer was.

Gedurende die tydperk wat Mandela nie gevind kon word nie het pamflette van tyd tot tyd verskyn wat deur hom as Sekretaris van die „All-In African National Action Council“ geteken is. Hierdie pamflette se oorsprong kon nooit vasgestel word nie.

Ek was die Onderzoekbeampte in die saak teen Mandela vir Oortredings van Artikel 2, Wet 8/1953 (Aanhitsing) en Artikel 2, Wet 34/1955 (Land verlaat sonder n paspoort).

Ek was teenwoordig in die hof toe hy op 7.11.1962 tot 3 jaar en 2 jaar onderskeidelik op die aanklagte gevonnis was.

Ongeveer die begin van Augustus 1963 is twee pamflette getiteld (a) „The A.N.C. is Alive“ en (b) „The African National Congress calls upon the Indian People“ Beide hierdie pamflette is deur die A.N.C. uitgereik en die oorsprong daarvan kon nie vas gestel word nie. Eksem-

plare...../3

..3..

00140 #12

plare van die betrokke pamflette gemonk "V" en "H" word
aangeheg.

hwa - hwa.

JOHANNESBURG.
25.9.1963 :

(Get.) C.J. DIRKER
.....
Nr.19588 S/A/Offisier.